# Lewensoriëntering

## Week 4

## Graad 7

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Verhoudings

LAERSKOOL MIKRO

*Die verhoudings waarvan ek hier praat is nie jou "ou" of "meisie" nie. Dit gaan hier oor jou verhoudings met jou vriende, familie, volwassenes en ander mense.*

| GESONDE VERHOUDINGS | ONGESONDE VERHOUDINGS |
|---|---|
| • Mense vertel nie leuens vir mekaar nie. | • Mense kan mekaar nie vertrou nie, want dikwels is dit wat hulle sê, onwaar. |
| • Mense luister na mekaar, sodat daar geleentheid is om gevoelens te verduidelik | • Mense skree op mekaar en raak fisies sonder om die situasie te bespreek. |
| • Verskille en woordewisselings vind plaas, maar almal bly kalm en kry maniere om probleem op te los. | • Verskille en woordewisselings word opgelos met dreigemente, intimidasie of fisiese geweld. |
| • Mense vertrou en respekteer mekaar. | • Mense luister of aanvaar geen ander siening as hul eie nie. |
| • Mense praat oor hul probleme en probeer mekaar help om dit op te los. | • Mense kan selfsugtig wees en stel dikwels nie daarin belang om enige iemand te help nie. |

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Hoe om jouself teen gevaarlike situasies te beskerm







Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Binne die huis

- Moenie bang wees om ‘nee’ te sê wanneer iemand jou ongemaklik laat voel of jou vra om iets te doen wat jy weet verkeerd is nie.

- Moet nooit persoonlike inligting aan iemand oor die foon gee nie.

- Maak seker dat jul buiteligte werk (as julle het).

- Moet nooit die deur oopmaak vir vreemdelinge of vir iemand wat jy as ‘n bedreiging beskou nie.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Buite die huis

- Voordat jy die huis verlaat, sê aan iemand watter roete jy gaan volgen waarheen jy gaan.

- Loop saam met een of meer mense wat jy ken, veral in donker of verlate strate.

- As jy dink dat jy agtervolg word, dink goed of jy kan wegkom.  Gaan eerder na ‘n plek waar jy weet ander mense sal wees, soos ‘n maat se huis of  ‘n winkel.

- Moet nooit ‘n drankie alleen laat of ‘n drankie van ‘n vreemdeling aanvaar nie.  Daar mag dalk ‘n dwelmmiddel in die drankie gegooi wees.

- By partytjies moet jy altyd by mense bly wat jy ken (veral as jy ‘n dogter is).

- Vermy dit om te drink tot jy dronk word.  Dit sal jou onverantwoordelik laat optree.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

MIKRO

WERK EN SKEP

# Internetbeveiliging

- Wanneer jy gevra word om persoonlike inligting op webtuistes of op jou selfoon te gee, maak seker dat daar veiligheidsmaatreëls is om jou identiteit te beskerm.
- Moet nooit jou adres of ander persoonlike inligting aan enigiemand op die internet of sosiale-netwerke gee nie.
- Moenie reël om iemand te ontmoet wat jy op die internet of sosiale-netwerke ontmoet het nie.
- Wees bewus daarvan dat jou boodskappe, fotos en videos maklik toeganklik is, al is dit uitgevee.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Bietjie inligting oor TikTok

LAERSKOOL MIKRO

MIKRO

WERK EN SKEP

## TikTok BY NUMBERS

- Over 1.5billion downloads worldwide.
- 5million estimated to be active users in the UK
- 41% users are aged between 16 and 24
- 6% of 11 to 17-year-olds on TikTok had sent, received or been asked to send sexual content, says NSPCC
- $5.7m (£4.3m) - the fineTikTok was slapped with for illegally collecting personal information of kids under 13
- One in five children being groomed in the UK are under 12
- 200,000 children aged 11-17 are estimated to have been groomed on social media

"Grooming" : Wanneer 'n persoon, gewoonlik 'n volwassene, jou gereed maak vir seksuele mishandeling

Indien jy dit gebruik en jy is versigtig aangaande die goed wat jy kyk of oplaai, hoef jy nie bekommerd te wees nie. Wees net bewus van die gevaar!

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Belangrike organisasies

**<u>Die volgende is belangrike nommers wat jy moet memoriseer</u>** :

- Kinderlyn : 08000 55555
- SA-Polisie : 10111
- Ambulans : 10177
- Selfoon-noodnommer : 112
- Ma / pa se selfoon : *Leer een*




Laerskool Mikro Kopiereg ©